

**28 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 146**  
**Fokusgedeelte: Psalm 146:1, 2**

### **Wie sal die Here nie prys nie?**

Psalms 146 tot 150 kan met reg die vyf groot lofpsalms genoem word. Psalm 146 is 'n blye lofsang op die grootheid, almag en liefde van God. Die persoon van die psalmis tree hier volkome op die agtergrond. Die fokus val uit en uit op die Here alleen. Niks kan van die mens verwag word nie, wel alles van die Here. Ja, uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid. Hy kan volkome vertrou word. Hy is die Skepper en Regsverskaffer en Helper van alle minderbevoorregtes en lydendes. Hy is die ewige Koning.

Halleluja! Prys die Here! In die Nuwe Vertaling maak die "halleluja" plek vir "prys die Here". Tereg ook, want hoe skoonklinkend die "halleluja" ook mag klink, dit bly Hebreeus vir "prys die Here". Daarom het die Afrikaanse Psalmberyming dit ook: "Prys die Heer met blye galme ..." (Ps. 146:1).

Waarom hoor ons dit so min? Waarom is ons so half skaam of bang om uit te roep: "Prys die Here!?" Miskien omdat ons mense ken wat dié uitdrukking misbruik of onnadenkend as 'n stopwoord gebruik. In die erediens sal ons wel nog saam sing: "Prys die Heer!" Buite hoor jy dit egter baie selde. Is ons miskien bang dat ons aanstoot sal gee?

Hoe sien die meeste van ons gebede daaruit? Bestaan dit nie maar grotendeels uit 'n aantal versoeke nie? Ek, die bidder, ja eintlik die vraer, die bedelaar, bly maar knaend op die voorgrond. Mý behoeftes, nood, vrese, hartseer en sondes staan voorop. Die eie ek verdwyn maar selde voor die heerlikheid en ligglans van God. Moet ons nie eerder aanleer om in ons gebede waarlik met God om te gaan nie? Kom ons bid en vra dat die Heilige Gees ons sal help om in ons lewe en gebede die Naam van die Here groot te maak, sy lof te besing, Hom te eer en te prys vir dit wat Hy IS en nie in die eerste plek vir die dinge wat ons van Hom vra of kan ontvang nie.

Mag God ons deur sy Gees daartoe help!

*Sing: Psalm 146:1 (1936)*

*Ds. CJ Nagel (Nylstroom)*